## 26 April - GESLAG

**Skrifgedeelte: Klaagliedere 5:7-22 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Klaagliedere 5:19**

Hoe baie van ons was nie al in die dieptes waarin die volk van die Here verkeer nie! Op 'n harde manier moes hulle leer dat niks vir altyd bly staan nie. Politieke mag en regspleging, sosiale strukture en morele waardes, besitting en sekuriteit – alles het in duie gestort met hulle wegvoering in ballingskap.

Die val was vir hulle egter dieper as net 'n aardse bestaanskrisis. Dit was 'n geloofskatastrofe! Die tempel, die plek waar hulle die Here ontmoet en aanbid het, lê verlate, 'n plek waar jakkalse rondloop en snuif om iets te vrete te kry. God se teenwoordigheid is weg van hulle af! Ja, ook ons diepste ellende is die skynbare Godverlatenheid!

Dit is mos so dat mens eers iets moet verloor voordat die besef (en waarde) van wat jy gehad het tot jou deurdring. Vroeër het die profete hulle telkens gewaarsku dat hulle formalistiese en outomatiese siening van die Here se teenwoordigheid by hulle in die tempel tot hulle ondergang sou lei (Jer 7:4 ev.)! Toe het die profesieë hulle kwaad gemaak! Nou, nadat hulle dit alles verloor het, dring die besef deur en open dit nuwe verwagtings:

- Die Here is nie verbonde aan en beperk tot 'n gebou, 'n tempel of 'n land nie. Hy is nie 'n aardse koning wat saam met sy stad val nie.
- Die Here regeer vir altyd en sy troon staan vas ... van geslag tot geslag! Dit sê meer as dat sy heerskappy vir *altyd* bestaan. Dit sê ook dat sy heerskappy *onveranderlik* is oor die verbondsgeslagte aan wie Hy Hom reddend verbind het!

Daarom word hierdie heerskappy die pleitgrond om te bid vir genade en uitkoms! Maak nie saak hoe diep die val vir my en jou was nie! Ons kan weet: Hy regeer van geslag tot geslag! Net daarom kan ons uitkoms verwag!

*Sing: Psalm 33:6 (1936-beryming)* *Ds HC van Rooy (Randburg)*